

## Sing vooraf: Psalm 68:1 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.  
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.  
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.  
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm: Skrifberyming 1-2:1, 2 (nuut)

- 1 Prys Hom, die Hemelvors, op sy verhewe troon;  
loof Hom aan wie die hemelkoor hul hulde steeds betoon.  
Aan Hom, die Skepperheer, kom toe die eer en mag.  
Sy Woord het alles voortgebring – roem ewig sy gesag.
- 2 Loof Hom, die Lam van God, want Hy's vir ons geslag.  
Hy het ons met sy bloed gekoop; besing sy reddingsmag.  
Uit elke stam en taal het Hy ons vrygemaak;  
sy koninkryk, sy priesterdom – dit het Hy ons gemaak.

## Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Skrifberyming 5-3:2 (8:2)

- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

## Skriflesing: 1 Korintiërs 6

Teks: 1 Korintiërs 6:20. Kategismus Sondag 16.

**Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.** (1 Korintiërs 6:20 AFR1953)

Korinte was 'n stad wat lewendig was en waar daar 'n rykdom van lelike dinge tussen die mense gebeur het.

- Daar was ook 'n Christengemeentetjie in hierdie groot stad.
- Maar die gemeentetjie wat daar in die groot stad Korinte was, het nie suiwer gebly in alles wat hulle in hulle lewens gedoen het nie.
- Die apostel Paulus het gesien hoe hulle lewens verdonker het oor hulle sondes.

Die Here verwerp hulle nie.

- Hy laat hierdie liefdevolle vermaning aan hulle skryf. In die vermaning verduidelik Hy weer sy verlossende liefde.
- **Hy verduidelik waarom dit noodsaaklik was dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het.**

Die Here betaal 'n baie duur prys vir sondaars, sodat hulle sy eiendom kan wees – eiendom wat nie weer in die hande van die duiwel mag val nie. Die prys is die lewe van sy Seun!

Hulle het almal al gehoor van sulke mense wat uit die lelikste sondes gered was, want hulle het al in die prediking daarvan gehoor.

**En toe 'n vrou in die stad, wat 'n sondaress was, verneem dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was, het sy 'n albaste fles met salf gebring en agter by sy voete gaan staan en geween; en sy het sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare van haar hoof; en sy het sy voete gesoen en met salf gesalf. Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: Hy, as Hy 'n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak; want sy is 'n sondaress. En Jesus antwoord en sê vir hom: Simon, Ek het iets om aan jou te sê. En hy antwoord: Meester, spreek. Hy sê toe: 'n Sekere geldskietter het twee skuldenaars gehad; die een het vyf honderd pennings geskuld en die ander een vyftig; en omdat hulle niks gehad het om te betaal nie, het hy dit aan altwee geskenk. Sê nou, wie van hulle sal hom die meeste liefhê? En Simon antwoord en sê: Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het. En Hy antwoord hom: Jy het reg geoordeel. Daarop draai Hy om na die vrou en sê vir Simon: Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom—water het jy nie vir my voete gegee nie; maar sy het met haar trane my voete natgemaak en met die hare van haar hoof afgedroog. 'n Soen het jy My nie gegee nie; maar sy het, vandat sy ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie. Met olie het jy my hoof nie gesalf nie; maar sy het my voete met salf gesalf. Daarom sê Ek vir jou: Haar sondes wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief.**

(Lukas 7:37-47 AFR1953)

Twee dinge staan baie skerp uit:

- **Haar sondes wat baie is, is vergewe**

en

- **. . . wie van hulle sal hom die meeste liefhê? En Simon antwoord en sê: Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het.**

Vir mense (dus ook gemeentes/kerke) wat is soos hierdie vrou, is die Here Jesus kruis toe. Ons is almal baie duur gekoop uit ons sondes uit in die kollig van die Here Jesus se genade in!

Dink net eers aan die eis vir ons verlossing wat God in sy Raad gestel het – dis alles eintlik dinge wat ons nie verstaan nie. Dis alles dinge wat ons weet omdat die Here dit openbaar en wat Hy eis dat ons dit moet glo.

- Sy Seun moet sterf – niemand anders nie!
- Hy moet aan God se reg voldoen – met ander woorde:
  - Hy moet miljoene sondaars se sondestraf tot die laaste druppel toe dra.
  - Hy moet gestraf word totdat God nie meer vir een van hulle kwaad is nie!

Dink vir 'n oomblik weer aan die mense wat vrygekoop word met hierdie duur prys. Wie en wat is hulle?

- Hulle is van nature slawe. Hulle is nie mense met 'n koningsmentaliteit nie.
- Hulle is almal slawe van die groot slawehandelaar, die duiwel.
  - Hy lieg hulle met vieslike verlokkinge onder sy heerskappy in.
  - Hy laat hulle dinge doen wat vir hulle lekker is en wat by hulle sondige geaardheid aansluit – alles dinge wat vir God ontrend is en dinge wat nie duursaam vreugde gee nie.

Iemand wat nie sondebeseft het nie, kan nie gered word nie.

- Iemand wat nie verstaan dat elke mens in sy sondes op die duiwel se slawemark is waar hy van die een sonde aan die ander een verkoop word nie, het nie die behoefte om daarvan vrygemaak te word nie.
- Elke mens moet dus maar vir homself uitmaak of hy 'n slawementaliteit het wat maak dat hy vasgevang sit in sinlike plesiere en aanloklikhede wat nie een verder as die graf voordele uitbetaal nie!

'n Slaaf wat nie die wil het om 'n slaaf te wees nie, is verskriklik, veral geestelik omdat hy ingedwing word in dit in wat hy nie is nie!

- So is dit met 'n mens wat in sonde vasgevang sit en wat daar wil uitkom.
- Sy gewete is nie toegesmoor deur die duiwel se manier van dink en doen nie.

Dit is vir sulke mense wat die Here sy boodskap van verlossing stuur.

- Dis vir sulke mense wat hy 'n apostel laat skryf: Julle is duur gekoop!
- Julle is nie meer op die slawemark van die sonde nie.
- Julle is vrygekoop om los te loop in God se ewige genade.

Dis ook net sulke mense wat die impak van die woorde – **duur gekoop** – sal begryp en dis ook net sulke mense wat daardeur beweeg sal word.

Wat is die prys wat betaal is? Die werklike antwoord is: Die liefde van God.

Die liefde van God vir ons het veroorsaak dat sy geregtigheid ons sondes op sy Seun gewreek het.

- Ons bely dit so: *Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b)*
- Die Heilige Gees laat dit so neerskryf:

**Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,**  
(Romeine 8:3 AFR1953)

Dit klink so maklik om dit net te sê of voor te lees uit die Bybel. Maar dink weer wat dit inhoud:

- Die Here Jesus het ons skuld by God betaal.
- Hy het die geweld van God se toorn gedra.
- Hy het die sonde oorwin en ons van die bindinge van die sonde vrygemaak.
- Hy het ons uit die slaweboeie van die duiwel losgemaak.
- Hy het ons met God versoen.
- Hy het die deure van die ewige lewe in God se koninkryk voor ons oopgemaak.

*Omdat God ons sondaars liefhet, moes sy Seun 'n verskriklike prys betaal. Hy moes met sy lewe betaal. Weer maklik om dit net te herhaal, want ons sê dit al eeue lank.*

Dink net weer aan die inhoud van daardie woorde: Die Here Jesus het vir ons sondes gesterf.

- Ons is almal bang vir pyn. Hy is gezesel en met die vuis geslaan – stukkend geslaan.
- Daar was geen medisyne of verdoving nie. Alles was daarop gerig dat Hy so seer as moontlik moet kry.

Ons word nooit deur die Here verlaat nie.

- Al is ons hoe arm of hoe siek – selfs as ons sterf – is die Here steeds by ons. Al dra ons hoeveel spannings, Hy versorg en dra ons deur al daardie tye.
- Maar met die Here Jesus was dit in die duur-koop-oomblik baie anders!  
**. . . en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Matteus 27:46 AFR1953)
- Daar is nie een mens wat eers hierdie oomblik kan probeer verstaan nie, want ons is nie deur God verlaat nie. Nie een van ons was al ooit op daardie punt waar daar geen teenwoordigheid of geen genade van God is nie – die Here Jesus was daar!

Genadiglik het daar vir ons 'n oomblik aangebreek dat God gedink het die lyding is genoeg – Hy vergewe ons al ons sondes: Die duur prys is ten volle betaal.

**Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was—sodat die Skrif vervul sou word —het Jesus gesê: Ek het dors!** (Johannes 19:28 AFR1953)

**En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.** (Johannes 19:30 AFR1953)

Dit is volbring. Die duur prys was ten volle betaal!

*Om die waarheid van die betaling te bevestig, is die Here Jesus in Josef van Arimatea se nuwe graf begrawe. Die graf – 'n plek van verrotting en vertering – was sy rusplek. Hy was werklik dood.*

Drie dae later was daardie graf leeg, want die Here Jesus het opgestaan – sodat vir wie Hy almal die duur prys betaal het Hom uit die dood in die ewige lewe in kan volg.

- Daarmee word die toekoms van ons vir wie die duur prys betaal is, aangetoon:  
**Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.** (Johannes 14:19 AFR1953)  
**As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,** (Romeine 6:8 AFR1953)

Die woorde beteken nie dat ons nie op die aarde sal doodgaan nie.

- Natuurlik sterf ons almal hier.
- Maar ons sterf nie meer in die ewige dood in nie.
- En terwyl ons lewe, het die sonde en die duiwel nie meer onbeperkte reg op en mag oor ons nie.
- Ons toekoms word deur die duur prys in 'n groter en volmaakte lewe na hierdie een verseker.

Die gemeente te Korinte het vergeet watter geweldige prys vir hulle betaal is.

- Toe val hulle terug in die lewe wat op die duiwel se slawemark aangebied word vir die wat hulle wil verslaaf aan verkeerde dinge.
- Dis nou die mense wat plesier en tydelikheid bo volmaaktheid en die ewigheid verkies. Toe moes hulle eers weer opgeskerp word.

Het die Here vir ons in hierdie gemeente 'n kleiner prys betaal? Waarom sal ons dan nie tot bekering kom nie – of waarom sal ons in enige sonde volhard?

Kom ons lees saam wat in ons belydenis hieroor geskryf staan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 16.

**Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?**

**Antwoord:** *Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b).*

*(a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.*

**Vraag 41: Waarom is Hy begrawe?**

**Antwoord:** *Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a).*

*(a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.*

**Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?**

**Antwoord:** *Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).*

*(a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.*

**Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?**

**Antwoord:** *Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, (b) maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c).*

*(a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.*

**Vraag 44: Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel?**

**Antwoord:** *Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.*

*(a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46 Heb 5:7*

**Amen.**

Slotgebed.

Slotpsalm 33:6 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.  
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.  
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 17 Mei 2009